

9 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 8:1-10; Hebreërs 2:7-9; 2:16 – 3:1(OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 8:4-6 (OAV)

Genadige bemoeienis!

In die veld skryf Dawid hierdie naglied oor God se genadige bemoeienis. Sy verwondering omarm die hele gedig (Ps 8:2, 10). In elke geskape ding (hemel, maan, sterre) sien hy die handtekening van sy HERE. Sy Here is so groot dat Hy met sy vingers fyntjies elke geskape ding moes toeberei. Selfs die uitgestrekte hemel is klein teenoor die Here! 'n Ruimtetuig neem maande om by Mars uit te kom – die Here is nóg groter! Selfs 'n kind sien God se majesteit raak (vgl. Matt 21:1-17)!

Hierteenoor: Wat is die mens dan?! Twee woorde dui die nietigheid aan: “mens” (= *Enos*, sterweling; Gen 4:26) en “mensekind” (= *Ben-Adam*, stof). Hierdie nietige mens is weinig minder as 'n goddelike wese! Met eer, heerlikheid gekroon; heerser oor mak en wilde diere, oor visse en voëls. Rentmeester oor die aarde, see en hemel!

Maar, is ons dit? Wat van aardverwarming, verkragtings, moorde? Nee! Vanweë die sonde is daar dorings en distels! Is dit hoekom Dawid uitroep: Wat is die mens dat U aan hom *dink* en hom besoek (vs 5)?

Dink, *besoek* beteken omsien, bemoeienis maak, bekommer oor. Hebreërs 2 verduidelik: Met Jesus se koms na die aarde word Hy vir 'n kort tydjie 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese. Jesus smaak die dood wat óns moes smaak. Na sy opstanding word Hy met eer en heerlikheid gekroon (Heb 2:9). Deur Jesus toon God aan ons hóé Hy Hom oor ons bekommer (Heb 2:16). Jesus word ons gelyk. As enigste Hoëpriester versoen Hy ons met die grote God wat aan ons *dink* en ons *besoek*!

Wat is die mens? Uit homself niks. Maar deur die genadige bemoeienis van God in Christus – knegte van die Allerhoogste! Hoe heerlik is U Naam op die ganse aarde!

Sing: Psalm 8:1, 3, 4 (1936-beryming)

Ds AH Stavast (Kroonstad)